Dinsdag **20 Augustus**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38**

**Fokusgedeelte: Lukas 1:34-35**

**’n “Onmoontlike” geboorte**

Die geboorte van elke mens is ’n wonderwerk van God. Wat is lewe? Hoe gebeur dit dat elke mens sy eie, unieke karakter het? Hoe gebeur dit dat ’n kind die liggaamlike en geestelike trekke van sy ouers oorerf? Al het die wetenskap verbasend veel ontdek op die voorgeboortelike terrein, kon dit die ware oorsprong van lewe, buite die almag van God om, nog nooit bevredigend verklaar nie.

As die begin en geboorte van ’n gewone mens so ’n groot wonder is, dan is dit nog veel meer die geval met Hom wat God en mens in een Persoon was, gebore in die krip te Betlehem. Só beskryf die engel aan Maria die oorsaak van haar liggaamlike verwagting van die Christuskind: “Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu.”

Christus se geboorte was dus ’n geboorte uit die menslike onmoontlike. Dit was nog ’n groter wonder gewees as die “onmoontlike” verwagting en geboorte van Isak. “Sou iets vir die HERE te wonderbaar wees?” (Gen. 18:14).

Christus is inderdaad ’n geskenk van God aan sy mense – ’n groter geskenk as enige kersgeskenk! Ook was ons Here nie lydelik by sy geboorte of menswording gewees nie. Nee, Hy het die menslike natuur aangeneem, dus self ’n aktiewe rol gespeel. Christus se hele menswording en lydenspad was ’n vrywillige soenoffer gewees. In niks was Hy ingedwing nie. So is ons Here dan as die Wonderkind gebore uit die kuise en nederige maagd Maria. En as ons in die feesgety geskenke aan mekaar gee, vrolik en gesellig is, dan moet ons nooit in ons blydskap die grootste Bron van Blydskap, die ewige Geskenk van God aan sy mense, uit die oog verloor nie: Jesus Christus, die Wonderkind van Betlehem, ons Verlosser!

*Sing: Skrifberyming 1:1-3*

*Dr. IL (Izak) Bekker (Emeritus)*